

KIEPERSOL SENIOR-TOER

Sondag – 25 Oktober 2009

Die toergroep bestaande uit Frank en Hettie Smith (leiers), Johann en Alet Lemmer, Theunis en Magdanell Botha, Melvyn en Hester Wessels en Fanie en Marie Marx ontmoet mekaar om half elf by die Petroport vulstasie naby Heidelberg. Dis 'n aangename weersiens en gou is ons op pad. Fanie en Melvyn-hulle het woonmobiele en ons ander woonwaens. Dis bewolk en lekker weer om te reis.



Ons stop vir middagete by die Spur op Harrismith. Dis heerlik ontspanne en ons eet lekker.

Die laaste skof tot by Sterkfontein dam is kort. Dis die mooiste ablusie-geboue maar word nie behoorlik in stand gehou nie. Die uitsig op die dam met die berge in die agtergrond is indrukwekkend. Die windjie is koel en ons soek gou die warmte van die woonwaens op. Gedurende die nag loei die wind en waai naderhand baie sterk. Ons slaap heerlik en sien baie uit na ons bergvakansie.

Maandag – 26 Oktober 2009

Vanoggend is die wind stiller maar gedurende die nag het dit geloei. Toe ek my neus by die woonwa uitsteek sit Magdanell Botha en boeklees!

Nege-uur vat ons die pad. Vandag se skof is net 42 kilometer. Die wind het bietjie bedaar. Vir oulaas bewonder ons nog die pragtige berge in die agtergrond met die Sterkfontein dam in die voorgrond. Dis koel en bewolk.

Ons ry verby die afdraaipad na Retiefpas waar die Retiefklip ook is. Ons was al daar, ook by die standbeeld van die Kaalvoetvrou wat op die rand van die eskarpement "Blye Vooruitsig" is waar die Voortrekkers die beloofde land gesien en die Drakensberg af is.

Ons woonwaens en twee woonmobiele slang oor die Oliviershoekpas. Sedert ek laas hier gery het, het die pad merkbaar agteruitgegaan met baie slaggate. Met die een oog op die pad en die ander een op die omgewing bewonder ons die mooi natuur.

Hlalanathi (ons verwelkom julle) is aan die voetsteuwels van die Drakensberg. Staanplekke 1 tot 5 het die lieflikste uitsig oor die (Klein) Tugela met die majestueuse berge in die agtergrond. Elke staanplek het 'n "balkon" met braaiplek met 'n onbelemmerde uitsig. Dis heerlik warm en windstil na die onstuimige nag maar sterk bewolk. Vandag is 'n "rusdag". Fanie Marx se ons het 'n eetrooster uitgewerk maar daar is nie genoeg dae daarvoor nie. Almal behalwe ek is besig om aandete te maak, alles kom sommer vanself.

Deur: Johann Lemmer

Dinsdag – 27 Oktober 2009

Vandag lyk dit oopgetrek en die wolke wat daar is, is redelik hoog. Dis die dag waarvoor ons gewag het om die pad te vat na die kettingleer naby Witsieshoek. Dis 'n hele ent vanaf Hlalanathi want ons moet weer terug oor die Oliviershoekpas tot naby Haarismith waar ons die pad na Witsieshoek kry.

Ons ry met twee motorvoertuie: Die vyf mans in Theunis Botha se Sani, Fanie Marx bestuur. Die vyf dames is in Frank Smith se Audi waar sy vrou Hettie agter die stuur is.



Groep by Kettingleer

Ons sit nog so lekker en gesels toe 'n vrou van die verkeersafdeling ons van die pad trek. Sy beweer ons het 93 gery in 'n 80 km sone. Maar dis 'n oop pad, geen beboude gebied of niks. Fanie gaan praat mooi en ons kom los. Nou ry ons mooi stadig. By die Landboukollege verby en vir kilometers deur beboude gebied in Qwa Qwa. By 'n kampus van die Universiteit van die Vrystaat verby op 'n lieflike geplaveide pad waarvoor ons tolgeld van R10 per persoon betaal. Toe begin die grondpad teen die berg op. Eers mooi maar hoe later hoe kwater. Naderhand is daar sulke groot klippe dat ons dit eers uit die pad moet rol voordat Hettie met die Audi dit kan waag om verder te ry. Die dames klim uit en Hettie baan haar weg deur die los klippe en die Audi is ongeskonde.

Toe weer 'n geplaveide pad, die laaste stukkie tot by die parkeerarea. Die pad is eers in Desember 2008 voltooi. By die oornaghut trek 'n yl rokie uit die skoorsteen. Fanie en 'n paar helpers steek die gasbraaier aan om hamburgerpatties te braai, hier in die berge weet 'n mens nooit wat die weer maak nie. Die ander durf die paadjie na die kettingleer aan. Frank Smith, 'n ervare stapper wat seker al sewe keer hier gestap het wys van die bergspitse uit. Die paadjie na die kettingleer sig-sag teen die berg uit. Vir onfiks ouens soos ons sal dit seker vier ure neem om daar uit te kom. Ons sal ander dag probeer. Ons hang aan Frank se lippe wat vertel van die drie hekse, Erasmus wat daar naby verongeluk het, swaar weer en sneeu, slange en al die dinge wat hy in die berg ervaar het.

Ons keer terug na die oornaghut waar iemand aan diens is om boodskappe van bergklimmers in nood oor te dra. Die heerlike geur van die 'patties', die vars lug en majestueuse berge dra alles by tot die gesonde eetlus. Ons bou ons hamburgers, gesels oor alles en nog wat voordat ons die pad terug aan durf. Ons stop by 'n groot sandsteenholkrans langs die pad. Mensehande het dit ontsier deurdat hulle hul name daar geskryf het. Dit neem lank om deur die groot dorp te ry waar honderde skoolkinders met kleurryke skooldrag huistoe stap. Voordat ons terug is oor Oliviershoekpas stop ons vir koeldrank uit ons eie voorraad.



Hamburger'bou'



Ons ry verby Hlalanathi se uitdraaipad tot by die Royal Natalpark se hek met 'n ander pad terug na die kamp. Ons het 'n pragtige uitsig oor waar ons op die rand van die afgrond na die Tugelarivier kampeer. Vanaand is dit lekker op die balkon en ons braai vleis en eet die lekkerste slaai wat Hettie-hulle gemaak het.

Pannekoek op die spyskaart



Woensdag – 28 Oktober 2009

Vandag is 'n afdag. Fanie en Marie gaan verken die 'quad' roete. Hulle het hul vierwielmotorfiets saamgebring en toets hom uit. Ons ander bring die dag lui deur.

Donderdag – 29 Oktober 2009

Die toerlede besluit om "brunch" in die restaurant te gaan eet. Buite is dit nog reënerig maar soms kom die sonnetjie deur. Dis seker die lekkerste omelet wat ek nog geëet het. Die res van die dag ry ons in die skilderagtige omgewing rond.

Res van die toer

Na die Hlalanathi-been van die toer was dit Vrydagoggend tyd om op te pak. Die reën wat gedurende die nag geval het, het ons kans gegee om op te pak. Ons het so lekker gekuier dat dit eintlik met 'n swaar hart was wat ons afskeid van die mooi oord geneem het. Die roete gaan deur Bergville. Ons stop in Winterton by die dorpsmuseum. Wat dit uniek maak is dat die Westonwoonwa daar uitgestal word. Dit is 'n woonwa wat op die onderstel van 'n 1918 Commerce gebou is. In 1924 het John Weston vanaf Brandfort in die Vrystaat op 'n epiese Afrika-toer vertrek. Hy het aan die oostekant noordwaarts gereis oor plekke soos Nairobi, Khartoem, Luxor, en Kairo. Hy reis deur die skiereiland op pad na plekke soos Berseba, Bethlehem, Amman, Damaskus, Turkye, Griekeland, en Belgrado.



Die besoek aan dorpsmuseum in Winterton

Vanaf Winterton is dit nie ver na die oord Mountain Splendour in die sentrale Drakensberg nie. Ons word deur die eienaar verwelkom en 'n skinkbord met tee word aangebied. Helpers maak dat ons woonwaens gou in posisie is. Daar is 'n lieflike lapa tot ons

beskikking. Dis ruim en aan die kante toegemaak. Ons hou die boekevat daar en gesels en eet ook daar. Daar is 'n TV wat handig te pas sou kom die volgende dag met die Curriebeker-eindstryd.

Daar is baie besienswaardighede in die omgewing. Saterdagoggend ry ons oor na Falcon Ridge in die rigting van Monks Cowl. Dis 'n plaas waar toeskouers sien hoe roofvoëls soos valke, aasvoëls en uile hanteer word. Ons sit in lieflike sonskyn teen die groen terras en kyk af oor die Champagne vallei terwyl ons na die merkwaardige vaardighede van die voëls kyk.

Sondag ry ons na die Four Rivers avontuursentrum. Fanie en Marie gaan ry op hulle 'quad' tot hoog in die berge. Ons ander besoek plekkies soos die weefwerk, Ardmore, Drakensbeg Sun, Drakensberg seunskoolskool, Dragon Peak-oord, tot by Monks Cowlpark waar ons omdraai na Mountain Splendour.

Maandagoggend versit ons na ATKV Drakensville. Eet maak 'n baie belangrike deel van die toer uit. Elke aand kuier ons om die kospotte. Die onderdakswembad is ongeveer 34 grade. Wat 'n gesig om in die heerlike warm water te ontspan terwyl jy na die bergpieke van die Drakensberg-amfiteater kyk. Die oord is baie mooi en hier is heelwat mense. Die nabygeleë pompstasie kom ook aan die beurt.

Donderdag is dit oppaktyd. Terug oor die Oliviershoekpas, verby die Sterkfonteindam, Harrismith, deur die Vrystaat, oor die Vaalrivier tot by die huis.

Toergroep by Brandwag Piek.



Deur: Johann Lemmer